



Province of the
EASTERN CAPE
EDUCATION

**NASIONALE
SENIOR SERTIFIKAAT**

GRAAD 11

NOVEMBER 2012

**GEOGRAFIE V1
MEMORANDUM**

PUNTE: 300

Hierdie memorandum bestaan uit 15 bladsye.

AFDELING A: FISIESE GEOGRAFIE: DIE BELANGRIKEID VAN WATER EN EKOSISTEME

Beantwoord ten minste EEN vraag uit hierdie afdeling.

VRAAG 1 [LU 1.2 – LU 1.5] [LU 2.1 – LU 2.4] [LU 3.1 – LU 3.2]

1.1	1.1.1	afloop ✓✓	(2)
	1.1.2	hidroëlektrisiteit ✓✓	(2)
	1.1.3	ria ✓✓	(2)
	1.1.4	abrasie ✓✓	(2)
	1.1.5	sandtong ✓✓	(2)
1.2	1.2.1	C/Habitat✓✓	(2)
	1.2.2	D/Biodiversiteit ✓✓	(2)
	1.2.3	F/Predasie ✓✓	(2)
	1.2.4	H/Kompetisie ✓✓	(2)
	1.2.5	I/Voedselweb ✓✓	(2)
1.3	1.3.1	Die boerdery met vis, skulpvis of seegras in 'n gesloten gebied in die see ✓✓	(1x2) (2)
	1.3.2	Mossels, garnale ens. is afhanklik van koue voedingryke water. Waterbesoedelde deeltjies verhoog die temperatuur van die water✓✓ Besoedelde deeltjies verminder voedingstowwe wat hul groei affekteer ✓✓	(Enige 1x2) (2)
	1.3.3	Die meule maak Saldanhabaai 'n nywerheidsgebied en bederf die natuurlike skoonheid daarvan ✓✓ Maak dit minder aantreklik vir toeriste ✓✓	(Enige 1x2) (2)
	1.3.4	Sterk getye en die deursypeling van vars water van die vleiegebied rondom die baai en strandmeer ✓✓	(1x2) (2)
	1.3.5	Ja ✓✓ Die noordelike deel van die baai en die erts-laai kaai saam omsluit die baai ✓✓	(2x2) (4)
1.4	1.4.1	Nassermeer ✓	(1x1) (1)
	1.4.2	Gewasse word besproei deur die jaarlikse oorstroming ✓✓ Vrugbare grond word in die riviervallei afgeset ✓✓	(2x2) (4)
	1.4.3	Gewasse is nie meer afhanklik van die jaarlikse oorstromings nie ✓✓ 'n Verskeidenheid gewasse kan regdeur die jaar aangeplant word ✓✓ Gewasse word nie weggespoel en vernietig nie ✓✓	(Enige 2x1) (2)

1.4.4 Negatiewe uitwerking

- Baie mense wat omring is deur die water van die Nassermeer is verplaas van hul huise √√
 Die dam vang die voedingryke alluviale grond vas wat in die riviervallei afgeset word – meer bemestingstowwe word nou gebruik wat die rivier besoedel √√
 Die groei van plante in die stilstaande water van die meer ondersteun waterslakke en lei tot 'n toename in die siekte bilharzia √√
 Die dam het die vloeisterkte stroomaf van die Nylrivier vertraag √√
 See-water syfer in die grondwater van die Nylrivier wat die landbougrond bederf √√
 Die voorraad vis in die Mediterreense-see het verminder omdat die mariene ekosisteem afhanklik is van die voedingryke afsettings van die Nylrivier √√
 Oorstromings stroomop lei tot 'n verlies in plante, diere en insekte √√
 Vrugbare slik word in die dam afgeset wat die waterkapasiteit van die dam verminder √√
 Die verlies aan sandafsettings by die riviermond kan die kus erodeer √√
 AANVAAR ANDER (Enige 3x2)(6)

Vloed beheermaatreëls

- Die dam kan water berg as die water daarin uitgelaat word voor swaar reëns om die watervlak te verlaag √√
 Beheer die uitvloei van vloedwater om oorstromings stroomaf te verminder √√
 Verander die vloeipatroon van die rivier wat die intensiteit en duur van die oorstroming affekteer √√
 Verander die seisoenale vloeipatroon van die rivier wat dit makliker maak om oorstromings te beheer √√
 AANVAAR ANDER (Enige 3x2)(6) (12)

1.5 1.5.1 Is die proses waardeur sand en ander strandmateriaal al langs die kuslyn of strand verskuif word √√

Branders breek teen 'n skuinshoek op die strand en terugloop geskied reguit langs die strand af wat lei tot strandmigrasie √√ (2x2) (4)

1.5.2 (a) Dit bedreig die geboue langs die kuslyn want daar is byna geen strand oor op sommige plekke nie √√ (1x2) (2)

(b) Dit beïnvloed toeriste-aktiwiteite negatief omdat die strand geërodeer is en suidwaarts verskuif het √√ (1x2) (2)

1.5.3 Om 'n strandhoof/skansmuur te bou wat die beweging van sand langs die strand sal keer √ (1x1) (1)

1.6	1.6.1	<u>Bioties</u> : plante/diere/sampioen/vis/insekte ✓ <u>Abioties</u> : sonlig/grond/waterolie ✓	(2)
	1.6.2	swamme ✓	(1x2) (2)
	1.6.3	Ontbinders is belangrik as die natuur se hersirkuleerders omdat hulle dooie plant- en diermateriaal afbreek om voedingstowwe terug in die grond te plaas ✓✓ Is heelbo aan die voedselketting ✓✓	(2x2) (4)
	1.6.4	warmte ✓✓ vogtigheid ✓✓	(2x2) (4)
	1.6.5	Bestuiwing van die blom deur die by ✓✓	(1x2) (2)
1.7	1.7.1	<u>Versteuring van die voedselketting</u> Deur 'n skakel by te voeg, bv. uitheemse plante of diere in die ekosisteem, sal daar minder hulpbronne wees vir die inheemse plante en diere ✓✓ Verwydering van 'n skakel uit die ekosisteem bv. plante of diere doodgemaak of permanent verwyder, sal lei tot 'n toename in sekere spesies wat die voedselketting versteur ✓✓	(2x2) (4)
	1.7.2	<u>Vergiftiging van die voedselketting</u> Menslike aktiwiteite plaas giftige stowwe in die voedselketting bv. insekdoders om plee en insekte dood te maak ✓✓ Vrystelling van nywerheidsafvalwater besoedel water in riviere en mere asook die see ✓✓ Giftige stowwe besmet plante en insekte wat dikwels deur ander diere geëet word ✓✓ Gifstowwe konsentreer by elkevlak van die voedselketting en vernietig uiteindelik die voedselketting en versteur die ekosisteem ✓✓	(Enige 2x2) (4)
	1.7.3	<u>Verlies aan habitat en biodiversiteit</u> Boerdery en ontwikkeling lei tot verlies aan habitat vir plante en diere ✓✓ Baie plante en diere sterf uit wanneer nuwe nedersettings gebou word en word bedreig ✓✓ Verlies aan habitat van plante en diere lei tot 'n verlies aan biodiversiteit ✓✓	(Enige 2x2) (4)

- | | | | | |
|-----|-------|---|-------------|-----|
| 1.8 | 1.8.1 | Voedsel-energie/voedingstowwe ✓✓ | (1x2) | (2) |
| | 1.8.2 | Voedselproduksie deur fotosintese ✓✓
Voedselkringlope ✓✓
Ontbinding van plant- en diermateriaal ✓✓ | (Enige 1x2) | (2) |
| | 1.8.3 | Kompetisie tussen lewende organismes vir hulpbronne ✓✓
Predasie waar een dier (prooi) voed op 'n ander ✓✓
Simbiose tussen twee organismes waar ten minste een bevoordeel word ✓✓ | (Enige 2x2) | (4) |
| | 1.8.4 | Die lewende organisme sal hom daarvolgens aanpas ✓✓
Die ekosisteem sal vernietig word/versteur word ✓✓
'n Nuwe ekosisteem kan ontwikkel ✓✓
Ekosisteem kan sy hoeveelhede op elke trofiesevlak (biomassa) beheer ✓✓ | (Enige 2x2) | (4) |
| | 1.8.5 | ontbossing ✓
besoedeling ✓
jag ✓
ontwikkeling ✓
klimaats veranderinge – invloed van mens op die klimaat ✓ | (Enige 2x1) | (2) |

VRAAG 2 [LU 1.2 – LU 1.5] [LU 2.1 – LU 2.4] [LU 3.1 – LU 3.2]

2.1	2.1.1	Waar √√	(2)
	2.1.2	Onwaar √√	(2)
	2.1.3	Waar √√	(2)
	2.1.4	Onwaar √√	(2)
	2.1.5	Waar √√	(2)
2.2	2.2.1	Inheems √√	(2)
	2.2.2	Afkapping √√	(2)
	2.2.3	Organies √√	(2)
	2.2.4	Salinasie √√	(2)
	2.2.5	Gestroop √√	(2)
2.3	2.3.1	B/EI Nino √	(1x1) (1)
	2.3.2	A/La Nina √	(1x1) (1)
	2.3.3	Daar is groter opwelling van koue water van onder af √√ Koue water is voedingryk en onderhou groot visbevolkings √√ (Enige 1x2) (2)	
	2.3.4	B/EI Nino √√ Die passaatwinde wat vog voer in die rigting van Suid-Afrika waai swakker √√ Lae see temperature veroorsaak hoogdrukgebiede met lae reënval aan die ooste √√ (Enige 2x2) (4)	
	2.3.5	<u>Uitwerking op boerdery-aktiwiteite</u> Vermindering van oesproduksie/oes opbrengste/vee/veroorzaak hoë voedselprys √√ Landbouprodukte word duurder √√ Afname in uitvoere van landbouprodukte √√ Voedseltekorte en invoer van voedsel teen hoë prys √√ Werkverliese in die landboubedryf en verlies aan inkomste √√ Hongersnood en wanvoeding weens werkloosheid en armoede √√ (Enige 3x2)(6)	
		<u>Maatreëls</u> Adviseer boere om droogte-bestande gewasse te plant √√ Verminder vee-getalle √√ Maak planne om voedsel te berg en voer alternatiewe voedsel voorraad in √√ Bou water opgaardamme en interbekkenverplasingskemas √√ Pas waterbeperkings toe √√ Implementeer voedselpreserveringsmetodes om 'n betroubare voedselbasis te handhaaf bv. son-gedroogte produkte, inlegging ens. van voedselsoorte √√ Bedeck grond met blare/strooi om verdamping van water te voorkom √√ Gebruik besproeiingsmetodes wat waterverlies en verdamping verminder √√ (Enige 3x2)(6) (12)	

2.4	2.4.1	Pietermaritzburg √	(1x1)	(1)
	2.4.2	Pietermaritzburg √	(1x1)	(1)
	2.4.3	(a) <u>Durban</u> 12 °C (23 °C – 11 °C) √√	(1x2)	(2)
		(b) <u>Pietermaritzburg</u> 19 °C (22 °C – 3 °C) √√	(1x2)	(2)
	2.4.4	Die verskil in daaglikske minimum en maksimum temperature en somer en winter is minder uiters in Durban as Pietermaritzburg √ Durban is aan die kus geleë = maritieme klimaat √ Pietermaritzburg in die binneland geleë = kontinentale klimaat √ Die see het 'n matigende invloed op Durban se klimaat √	(Enige 1x2)	(2)
2.5	2.5.1	Destruktiewe golwe √	(1x1)	(1)
	2.5.2	Erosie √	(1x1)	(1)
	2.5.3	Boogrots √√	(1x2)	(2)
	2.5.4	Die dak van die boogrots sal verder erodeer deur die bruisende golwe en uiteindelik ineen stort om 'n stapel te vorm √√	(1x2)	(2)
	2.5.5	Voorsien 'n inkomste aan plaaslike inwoners wat hande-artikels verkoop en ander dienste lewer √√ Verskaf werkgeleenthede aan die plaaslike inwoners by hotelle en ander plekke van akkommodasie √√ Is 'n bron van buitelandse kapitaal wat die ekonomie 'n hupstoot gee √√	(Enige 2x2)	(4)
2.6	2.6.1	R-horison √√	(1x2)	(2)
	2.6.2	A-horison √√	(1x2)	(2)
	2.6.3	A-horison √√	(1x2)	(2)
	2.6.4	B-horison √√	(1x2)	(2)
	2.6.5	A = uitloging √ B = desalinasié/kalsifisering √	(2x1)	(2)
	2.6.6	A = uitloging √√	(1x2)	(2)
	2.6.7	Die soute vorm 'n harde deklaag/kors bo-op die grondlaag wat dit moeilik maak vir water om deur te syfer √√	(1x2)	(2)
	2.6.8	Bemesting kan 'n vorm van besoedeling wees en veroorsaak eutrofikasie √√ Voedingstowwe word weggespoel en beland in waterbronne soos damme, riviere en see, waar dit die groei van alge versnel √√ Die alge keer die sonstrale weg van die waterplante en diere wat dit benodig √√ Waar alge uitsterf gebruik die ontbindingsproses alle suurstof op sodat vis en ander waterdiere versmoor √√	(Enige 3x2)	(6)

2.7	2.7.1	Hoëveld √√ Binnelandse streke van KZN √√ Oos-Kaap √√	(Enige 1x2)	(2)
	2.7.2	Suid-Amerika - Pampas √ Noord-Amerika - Prairies √	(2x1)	(2)
	2.7.3	Ryp √√ Vuur √√ Wei van vee verhinder bome om hulself te vestig √√	(Enige 1x2)	(2)
	2.7.4	Die grond is vrugbaar √√	(1x2)	(2)
	2.7.5	Landbou √ Afkapping van bome/Ontbossing √ Verstedeliking √ Vure √	(Enige 2x1)	(2)
	2.7.6	<u>Voordele</u> Vure verwyder plantegroei-bedeckking vir groei van nuwe plante √√ Die as verhoog die voedingswaarde van die grond √√ Sommige sade het die rook van vure nodig om te ontkiem √√ 'n Vuur vernuwe die boom deur die vrystelling van sade en minerale √√ AANVAAR ANDER	(Enige 3x2)(6)	
		<u>Maniere om aan te spreek</u> Bou brandgordels langs sensitiewe areas √√ Moenie brandende sigarette in die veld gooi nie √√ Voer ontwikkeling op so 'n wyse uit dat dit so min as moontlik skade aan die omgewing aan rig √√ Stig bewaringsgebiede en parke √√ Bevorder omgewingsbewustheid √√ Gehoorsaam die reëls van gebied waar dit 'n brandgevaar inhoud √√ Bou buite-vure in 'n sanderige gebied √√	(Enige 3x2)(6)	(12) [100]

MENSLIKE GEOGRAFIE: MENSE EN HUL BEHOEFTES**AFDELING B: ONTWIKKELING, VOLHOUBAARHEID, MENSE EN HUL BEHOEFTES**

Beantwoord ten minste EEN vraag uit hierdie afdeling.

VRAAG 3 [LU 1.2 – LU 1.5] [LU 2.1 – LU 2.4] [LU 3.1 – LU 3.2]

- | | | | |
|-----|-------|--|--------------------|
| 3.1 | 3.1.1 | Natuurlike hulpbronne √√ | (2) |
| | 3.1.2 | Grondstowwe √√ | (2) |
| | 3.1.3 | Menslike hulpbronne √√ | (2) |
| | 3.1.4 | Finansieel √√ | (2) |
| | 3.1.5 | Nie-hernubare √√ | (2) |
| 3.2 | 3.2.1 | Tersiêre aktiwiteite maak gebruik van kwaternêre aktiwiteite soos inligtingtegnologie, navorsing, ens. | (2) |
| | 3.2.2 | Die VN is al die ontwikkelde lande wat hulp verleen aan ontwikkelende lande | (2) |
| | 3.2.3 | Millenniumdoelwit is om erge-armoede en honger te verminder | (2) |
| | 3.2.4 | Voorsien 'n beter lewe vir mense wat in stedelike gebiede woon | (2) |
| | 3.2.5 | Geslagsgelykheid is wanneer mans en vroue gelyke geleenthede het om hul potensiaal te ontwikkel | (2) |
| 3.3 | 3.3.1 | <u>Brandtlyn</u>
Die skeidingslyn tussen noordelike- (ryk/ontwikkelde) en suidelike (arm/ontwikkelende) lande √√ | (1x2) (2) |
| | 3.3.2 | <u>Ontwikkelde lande</u> = ryk, geïndustrialiseerde ekonomies meer ontwikkelde lande in die wêreld √√
<u>Ontwikkelende lande</u> = arm, landboukundige, minder ontwikkelde lande in die wêreld √√ | (2x2) (4) |
| | 3.3.3 | <u>Ontwikkelde lande</u>
Globale korporasies √√
Effekte beurse √√
Geldeenheid van ontwikkelde lande √√ | (Enige 1x2)(2) |
| | | <u>Ontwikkelende lande</u>
Arm bedelaars √√
Derde wêreld √√ | (Enige 1x2)(2) (4) |
| | 3.3.4 | <u>Ekonomiese aanwysers</u>
Indiensnemingsdata √√
Handel √√
BNP √√
BBP √√
Tersiêre- en sekondêre ekonomiese aktiwiteite √√ | (Enige 2x2) (4) |

- 3.3.5 Derde wêreldlande is arm bedelaars wat uitgesluit is van die globale ekonomie √√
Eerste wêreldlande geniet al die rykdom en welsyn van 'n globale ekonomie soos 'n casino √√ (Enige 1x2) (2)
- 3.3.6 Ontwikkelde lande maak die meeste van die wêreld se vervaardigde goedere √√
Inkomste per capita is hoog √√ (Enige 1x2) (2)
- 3.4 3.4.1 Die ekonomiese groei en ontwikkeling van landelike gebiede √√ (1x2) (2)
- 3.4.2 Noordoos van Mthatha in Oos-Kaap √ (1x1) (1)
- 3.4.3 Primêre aktiwiteite √
Landbou √ (Enige 1x1) (1)
- 3.4.4 Die gebied is arm √√
Die lae kapasiteit van regering se betrokkenheid √√
Die lae deelname van gemeenskapsgebaseerde organisasies √√ (Enige 2x2) (4)
- 3.4.5 Onder-na-bo benadering beteken om saam te werk met mense op voetsoolvak √√ (1x2) (2)
- 3.4.6 Waarom is vroue opgehef
Landelike vroue was uitgesluit van deelname in ekonomiese aktiwiteite √√
Vroue speel oor die algemeen die rol van tuisblywende huisvrou √√
Vroue lewer selde 'n bydra tot die finansiële inkomste van huishoudings √√
Vroue is arm en het 'n gebrek aan basiese vaardighede √√
Vroue het 'n gebrek aan opvoeding en het lae vlakke van geletterdheid √√
Vroue word beïnvloed deur tradisionele-, kulturele- en godsdiestige sieninge in die samelewing √√ (Enige 3x2)(6)

Hoe programme help om die vroue se toestand te verbeter

- Die stigting van 'n groentetuinprojek √√
Opleiding en ondersteuningsprogramme √√
Om die koste van huishoudelike voedsel te verlaag √√
Om gesinne se voedingsvlak te verbeter √√
Om selfbeeld en persoonlike vertroue te verhoog √√
Meer geleenthede om surplus in inkomste te omskep √√
Werk saam met en raadpleeg plaaslike regering √√ (Enige 3x2)(6) (12)

- | | | | | |
|-----|-------|--|----------------|------|
| 3.5 | 3.5.1 | Kompetisie vir leefruimte weens toename in die wêreldbevolking ✓✓
Mense is arm en afhanglik van natuurlike hulpbronne om te oorleef
bv. hout as brandstof ✓✓
Kompetisie vir voedsel en water bv. diere doodmaak vir voedsel,
deel water wat 'n skaars hulpbron is ✓✓
Oeste beskadig deur die weiding van wilde diere ✓✓
Wilde diere is gevaaerlik en kan plaaslike inwoners wond of
doodmaak ✓✓ | (Enige 2x2) | (4) |
| | 3.5.2 | Toename in besoekers en vervoer kan die omgewing skade
berokken/omgewingsvernietiging ✓✓
Vernietig natuurlike plantegroei vir die ontwikkeling van paaie en
akkommodasie ✓✓
Verlies aan natuurlike habitat en biodiversiteit weens die oprigting
van toeriste-fasiliteite ✓✓
Dra by tot hoër vlakke van vullisstorting en besoedeling wat die
waarde van hulpbronne verminder ✓✓
Geraasbesoedeling steur die broei-gewoontes van diere, voëls en
insekte ✓✓ | (Enige 2x2) | (4) |
| | 3.5.3 | <u>Belangrikheid van nasionale parke</u>
Omgewingsredes om diere en die omgewing/biodiversiteit te
beskerm ✓✓
Ekonomiese redes – plante vir hul medisinale waardes ✓✓
Etiese redes – die reg van plante en diere ✓✓
Estetiese rede – om die natuurskoon te geniet ✓✓
Wetenskaplike redes – vir navorsingdoeleindes ✓✓
Om 'n hoë lewensgehalte te handhaaf ten einde besoedeling te
bekamp ✓✓ | (Enige 3x2)(6) | |
| | | <u>Geleenhede</u>
Werksgeleenhede bv. natuurbewaarders, toergidse, ens. ✓✓
Voedselvoorsiening wanneer oortollige diere van kant gemaak
word as deel van bewaringsprogramme ✓✓
Oes van dekgras en brandhout in nasionale parke ✓✓
Toeriste-aantreklikhede wat buitelandse kapitaal verdien ✓✓
Verhoogde inkomste lei tot 'n hoër lewenstandaard ✓✓ | (Enige 3x2)(6) | (12) |
| 3.6 | 3.6.1 | Oopgroefmyne ✓✓ | (1x2) | (2) |
| | 3.6.2 | Nie-hernubaar ✓
Kan nie vervang word nie en kan uitgeput word ✓ | (2x1) | (2) |
| | 3.6.3 | (a) infiltrasie ✓✓
(b) afloop ✓✓ | (1x2) | (2) |

- 3.6.4 Beskadig die landskap waar die plante, grond en rotse verwijder word √√
Vorm nuttelose mynhoede √√
Wind en water erodeer die grond wat uiteindelik beland in strome en mere √√
Slyk, sure en toksiese materiaal meng met water en syfer in grondwaterbronne √√
Reënwater syfer in die grond by steenkoolmyne en meng met swavel om swawelsuur te vorm wat in mere en riviere beland – giftig vir mense en waterlewe √√ (Enige 2x2) (4)
- 3.6.5 Opvulling van ou myne met sand √√
En plant gras √√
Plaas dele van die myngebied opsy vir parke en wildreservate √√ (Enige 2x2) (4)
- 3.6.6 Herstel van die landskap is baie duur √√
Herstel van die landskap is 'n lang proses √√
Mynmaatskappye doen nie moeite of onkoste om die landskap te rehabiliteer nie √√ (Enige 2x2) (4)
[100]

VRAAG 4 [LU 1.2 – LU 1.5] [LU 2.1 – LU 2.4] [LU 3.1 – LU 3.2]

- | | | | |
|-------|--|---|-----------|
| 4.1 | 4.1.1 | Hulpbron-uitputting √√ | (2) |
| | 4.1.2 | Hulpbron-uitbuiting √√ | (2) |
| | 4.1.3 | Volhoubaarheid √√ | (2) |
| | 4.1.4 | Preservering √√ | (2) |
| | 4.1.5 | Herwinning/Hersirkulering √√ | (2) |
| 4.2 | 4.2.1 | Ontwikkeling √√ | (2) |
| | 4.2.2 | Aanwysers √√ | (2) |
| | 4.2.3 | Mense-ontwikkelingsindeks √√ | (2) |
| | 4.2.4 | Lewensgehalte-indeks √√ | (2) |
| | 4.2.5 | Omgewingsaanwysers √√ | (2) |
| 4.3 | 4.3.1 (a) | <u>Die kern-periferie-model</u>
Die G8-lande, verteenwoordig deur mense wat hulle ooreet, is die kern van die kern-periferie-model √√
Die ontwikkelende lande, verteenwoordig deur die agenda oor wêrelvoedseltekorte, is die randgebied √√ | (2x2) (4) |
| | 4.3.1 (b) | <u>Die afhanklikheidsmodel</u>
Die G8-lande is die mense wat ooreet en die ontwikkelende lande uitbuit vir hulle skaars hulpbronne √√
Die G8-lande word ryker en die ontwikkelende lande, verteenwoordig deur die agenda oor wêrelvoedseltekorte, word armer √√ | (2x2) (4) |
| 4.3.2 | <u>Ja</u> √√ | Die G8-lande hou aan om die ontwikkelende lande uit te buit vir hul skaars hulpbronne √√
G8-lande word ryker terwyl die ontwikkelende lande armer word, wat lei tot voedseltekorte √√ | (3x2) |
| | OF | | |
| | <u>No</u> √√ | Die G8-lande vervul hul rol deur die bestuur van globale politieke en ekonomiese ontwikkeling √√
Ekonomiese ontwikkeling sal toeneem in ontwikkelende lande as die G8-lande globale ekonomiese ontwikkeling behoorlik bestuur √√ | (3x2) (6) |
| 4.3.3 | Wanneer: 2008 √
Waar: Hokkaido in Japan √ | | (2x1) (2) |
| 4.3.4 | Wêrelvoedseltekorte √√ | | (1x2) (2) |

4.4	4.4.1	Die toenemende interaksie tussen en integrasie van nasionale ekonomiese en organisasies in die wêreld deur handel, belegging, vloei van kapitaal, migrasie en die verspreiding van tegnologie √√	(1x2)	(2)
	4.4.2	Die afskaffing van beperkinge op handel en die vloei van kapitaal √√	(1x2)	(2)
	4.4.3	Daar is geen waarborg dat ekonomiese voordele van globalisering gelykop versprei gaan word tussen ontwikkelde- en ontwikkelende lande nie √√	(1x2)	(2)
	4.4.4	<u>Nee</u> √√ Uitputting van natuurlike hulpbronne √√ Verhoogde besoedeling √√ Habitatvernietiging √√	(Enige 2x2)	(4)
	4.4.5	<u>Positiwe uitwerking</u> Goedkoper produkte beskikbaar aan verbruikers √√ Mense het oor die algemeen meer keuses √√ Produkte word gestandaardiseer en gehalte verbeter √√ Meer rykdom versprei oor die wêreld √√ Lei tot 'n toename in uitsette van vervaardiging in die suidelike lande √√ Lei tot vrye handel tussen nasionale markte en produseerders √√ Groter geleenthede vir ekonomiese groei in ontwikkelende lande √√ Skep nuwe moontlikhede vir die onmiddellike kommunikasie en uitruiling van idees tussen mense √√ AANVAAR ANDER	ENIGE DRIE (3x2)	(6)
		<u>Negatiewe uitwerking</u> Intense kompetisie tussen produseerders √√ Ongelyke verspreiding van rykdom √√ Gaping tussen ontwikkelde en ontwikkelende lande word groter √√ Ondermyn plaaslike kulture en misluk om plaaslike inheemse kulture te erken – kulturele globalisering √√ Toename in die verspreiding van siektes bv. Vigs en EARS √√ Uitbuiting van werkers – lae lone en swak werkstoestande vir mense in ontwikkelende lande √√	ENIGE DRIE (3x2) 2x (3x2)	(12)
4.5	4.5.1	4% √√ Waarom – is ryk ontwikkelde lande wat nie-hernubare hulpbronne gebruik om krag op te wek √√	(2x2)	(4)
	4.5.2	Asië √√	(1x2)	(2)

4.5.3	Vraag na leefruimte weens die groeiende bevolking ✓✓ Afkap vir brandhout en houtskool ✓✓ Onbeheerde veldbrande ✓✓ Oorbeweiding ✓✓ Oorskakeling van bestaansboerdery na kommersiële boerdery ✓✓ Verstedeliking ✓✓	(Enige 3x2) (6)
4.5.4	Gronderosie ✓✓ Verlaging in die gehalte/vrugbaarheid van die grond ✓✓ (Enige 1x2) (2)	
4.5.5	Aanplant van bome/aforestasie ✓✓ Bewaring toepas ✓✓ Preservering ✓✓	(Enige 2x2) (4)
4.6	4.6.1 Wind kan vervang word ✓ (1x1) (1)	
	4.6.2 Die opwekking en gebruik van windkrag produseer nie besoedelde deeltjies nie ✓✓ (1x2) (2)	
	4.6.3 Darling, noordwes van Kaapstad ✓ (1x1) (1)	
	4.6.4 Vier groot turbines word gebruik om windkrag op te wek ✓✓ Die "skoon" krag sal gevoer word in 'n nasionale kragnetwerk en vandaar gevoer word na die verbruiker ✓✓ (2x2) (4)	
	4.6.5 Dit is volhoubaar en omgewingsvriendelik ✓✓ (1x2) (2)	
4.6.6	<u>Voordele</u> Wind is 'n onbeperkte natuurlike hulpbron wat wêreldwyd beskikbaar is ✓✓ Daar is min lug en waterbesoedeling/skoon ✓✓ Produksiekoste sal laag wees weens tegnologiese ontwikkelinge ✓✓ Geen fossielbrandstowwe word benodig nie/word verbrand gedurende opwekking nie ✓✓ AANVAAR ANDER	(Enige 3x2)(6)
	<u>Nadele</u> Kan net opgewek word in gebiede met bestendige winde ✓✓ Windturbines veroorsaak geraasbesoedeling ✓✓ Meng in met die migrasie van voëls en kan voëls dood maak ✓✓ Is 'n onvoldoende as wind nie waai nie/kalm toestande ✓✓ Windplaas neem groot ruimte in beslag ✓✓	(Enige 3x2)(6) (12) [100]